

4 April

Skrifgedeelte: Johannes 11:33-44

Fokusgedeelte: Johannes 11:35

Jesus huil

Jesus huil nie omdat Lasarus dood is nie. Hy gaan juis om Lasarus uit die dood op te wek. Jesus huil uit simpatie met treurende mense. Dat die Here saamvoel, is een van die heerlikste eienskappe van ons Verlosser. Met sy intog in Jerusalem het die Here ook gehuil (Luk 19:41, 42). Dit is juis hierdie medelye wat Jesus met ons as sondaarmense het (Joh 3:16; Heb 4:15) wat gelei het tot die mees onbaatsugtige daad van alle eeue. Hy was bereid om sy hemelwoning te verlaat om vir jou en my sondes te sterf (Fil 2:6-8).

Dit het 'n heerlike gevolg. In die hiernamaals sal die Here uiteindelik al die tranes van ons oë afdroog (Op 7:17). Selfs al treur ons nou nog oor die dood van dierbares, treur ons nie meer soos diegene wat geen hoop het nie (1 Tess 4:13). Ons weet Jesus Christus is die opstanding en die lewe!

Sing: Skrifberyming 18-1:4, 6

Ds. APC Duvenage (Emeritus)